higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Tweede Vraestel)

(9090154)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N4
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

1.1.1 Rasionalisering

1.1.2 Reaksieformasie

1.1.3 Frustrasie

1.1.4 Homeostase

1.1.5 Motivering

1.1.6 Biologiese motivering

1.1.7 Sosiale motivering

1.1.8 Onbewustelike motivering

1.1.9 Projeksie

1.1.10 Identifisering

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 ’n Behoefte is ’n motiveringsfaktor.

1.2.2 Ons basiese behoeftes is hoofsaaklik sosiaal van aard.

1.2.3 Die menslike liggaam is bedoel om fisiologies onaktief te wees.

1.2.4 Fisiologiese en sielkundige aansporings oorvleuel dikwels.

1.2.5 Die keuses wat ons maak word dikwels deur vorige ervarings beïnvloed.

1.2.6 ’n Individu se behoeftes is almal ewe belangrik.

1.2.7 Mense sal die finale vlak van Maslow se hiërargie teen die ouderdom van 50 bereik.

1.2.8 Die drang om ’n biologiese behoefte te bevredig word al hoe sterker hoe langer ons dit ontsê.

1.2.9 Die beste manier om die finale vlak van Maslow se hiërargie te bereik, is om die pad van die meerderheid te volg.

1.2.10 Onsekerheid moet nie geduld word nie.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem TWEE soorte homeostase. (2)

2.2 Noem en verduidelik die DRIE bewussynsvlakke. (3 × 2) (6)

2.3 Teken en benoem ’n diagram van Maslow se hiërargie van behoeftes. (7)

2.4 Gee ’n opsomming van Maslow se teorie van menslike motivering. (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem VIER veiligheidsbehoeftes. (4)

3.2 Gee VIER voorbeelde van sielkundige motiewe vir menslike gedrag. (4)

3.3 Noem SEWE hoofoorsake van stres in ons alledaagse lewe. (7)

3.4 Hoe kan ’n mens stres in die alledaagse lewe verminder? (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Gee VIER voorbeelde van fisiologiese motiewe. (4)

4.2 Gee VIER voorbeelde van sosiale motiewe. (4)

4.3 Definieer *nabootsing* en verduidelik die rol daarvan in sosiale motivering. (7)

4.4 Waarom is dit belangrik dat mediese personeel betroubaar moet wees? (5)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE soorte doelkonflikte. (2)

5.2 Noem SES beginsels om in gedagte te hou as daar met mense gewerk word. (6)

5.3 Verduidelik hoe biologiese faktore menslike gedrag motiveer en gebruik honger as ’n voorbeeld. (7)

5.4 Bespreek *onderdrukking* as ’n verdedigingsmeganisme. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou